


# ATKV-KLEIN-KARIBA

## *Trou-portefeulje*

PRAGTIGE HERINNERINGE
IS ONS BELOFTE AAN JOU





KLEIN-KARIBA

ATKV
Oorde





## *'n Onvergeetlike Bosveldtroue*

Verbeel jou een van die mooiste klowe in die Waterberge, omring deur groen bome, strome en bosveldvoëls wat sing. Jy is oppad na 'n klipkapel om jou mooiste dag te vier. Na die diens bederf ons restaurant jou met smullekker disse in een van ons pragtige onthaalsale.

Ons troukoördineerder sal jou die beste diens gee, en ons kwaliteitpakkette bied jou die luukse en gemoedsrus om terug te sit en te ontspan met die wete dat ons alles doen om jou droomtroue 'n realiteit te maak.

## REG VIR DIE "JA-WOORD"?

**Ons pakket sluit in:**

- 'n Romantiese, luukse wittebroodsuite vir die bruidspaar vir twee nagte.
- Linne.
- Blomme.
- 'n Keuse van drie seisoenale spyskaarte.
- 'n Persoonlike troukoördineerder.
- Huur van venue (diens en onthaal).

Standaard tariewe beskikbaar vir groepe van 60 en meer gaste. Vir groepe minder as 60 gaste kan 'n spesiale pakket ontwerp word.

### *Linne*

Sluit die volgende in:

- 1 tafeldoek per tafel (dumask/gewoon)
- 1 loper/oortreksel per tafel.
- Strik – elke tweede stoel.
- Lapservette.

(mits daar 10 persone per ronde tafel sit).

'n Ekstra bedrag is betaalbaar vir tafellinne wat nie in die pakket ingesluit is nie (vir die bruidspaar se rekening).

### *Blomme*

Sluit in:

- Bruidsruiker.
- Tafelruikers vir onthaal (mits daar 10 persone per ronde tafel sit).
- Ruiker vir bruidstafel.

'n Ekstra bedrag is betaalbaar vir blomme op tafels nie ingesluit in die pakket nie (vir die bruidspaar se rekening). Potte, spieëls en kandelare kan teen 'n ekstra fooi gehuur word, en is nie deel van die pakket nie.



# Smullekker spyskaart-opsies

**Bederf jou gaste met 'n keuse van drie spyskaarte bestaande uit 'n bediende voorgereg, buffet-styl hoofgereg en nagereg, gevolg deur tee en koffie.**

## *Silwer buffet*

Prys beskikbaar op navraag:
1 x voorgereg.
1 x vleis/hoendergereg, Opsie A.
1 x vleis/hoendergereg, Opsie B.
2 x stysels.
2 x groentes.
2 x slaaie.
1 x nagereg.
Tee en koffie.

## *Goue buffet*

Prys beskikbaar op navraag:
1 x voorgereg.
1 x vleis/hoendergereg, Opsie A.
2 x vleis/hoendergereg, Opsie B.
2 x stysels.
3 x groentes.
3 x slaaie.
1 x nagereg.
Tee en koffie.

## *Platinum buffet*

Prys beskikbaar op navraag:
1 x voorgereg.
2 x vleis/hoendergereg, Opsie A.
1 x vleis/hoendergereg, Opsie B.
2 x stysels.
4 x groentes.
4 x slaaie.
3 x nagereg.
Tee en koffie.

*Tariewe vir kinders kan beding word.*

**MERK ASB JOU KEUSES:**

## VOORGEREG

- ☐ Biltong en kaas met 'n slaai en vinaigrette.
- ☐ Seekoskelkie bedien in 'n filobakkie.
- ☐ Mini pannekoeke met vulsel (hoender-mayonnaise of spinasie en feta of peppadew met roomkaas).
- ☐ Gebakte vis met tartaarsous.
- ☐ Hoenderlewer-patee bedien met gesondheidsbrood.
- ☐ Bros hoenderslaai met ons spesialiteitssous.
- ☐ Taai hoendervlerkies bedien met 'n vars rolletjie.
- ☐ Tuisgebakte rolletjie bedien met konfyt en kaas.
- ☐ Vars vrugtekebab bedien met granadilla coulis.

## HOOFGEREG

### *Vleis/hoender: Opsie A*

- ☐ Gerookte ham bedien met appelsous.
- ☐ Oondgeroosterde beesboud met vleissous.
- ☐ Varkboud met kaiings en bosbessie-sous.
- ☐ Geroosterde hoender (braaivleisgeur/knoffel en roosmaryn/suurlemoen en tiemie/heuning-geglasuur).
- ☐ Lamsboud met kruisement (ekstra per persoon).



### Vleis/hoender: Opsie B

- ☐ Hoenderborsie met romerige witwyn- en neutmuskaatsous.
- ☐ Tradisionele hoenderpastei.
- ☐ Matige hoenderkerrie met kokosneutmelk.
- ☐ Blatjang- en mayonnaise hoendergereg.
- ☐ Tradisionele hoenderbredie.
- ☐ Bobotie.
- ☐ Lasagne.
- ☐ Bief Stroganoff (ekstra per persoon).
- ☐ Biefbredie met rooiwyn (ekstra per persoon).

### Groente

- ☐ Soetpampoen.
- ☐ Gemengde groente met kaassous.
- ☐ Blomkool of brokkoli met kaassous.
- ☐ Soetpatat.
- ☐ Geroosterde botterskorsie met kaneel en bruinsuiker.
- ☐ Geglasuurde baba-wortels.
- ☐ Julienne wortels.
- ☐ Franse groenbone met uie en sampioene of spek.
- ☐ Tradisionele groenbone met aartappel en uie.
- ☐ Spinasie (geroom of met aartappel en uie).
- ☐ Ertjies (soet, geroom of met uie en spek).
- ☐ Soetmielies.
- ☐ Pampoenkoekies met karamelsous (ekstra per persoon)
- ☐ Geroosterde gemengde groente (ekstra per persoon)

### Stysel

- ☐ Gegeurde rys.
- ☐ Gekruide rys.
- ☐ Witrys.
- ☐ Geelrys met rosyne.
- ☐ Geroosterde aartappels met kruie.
- ☐ Baba-aartappels met room.
- ☐ Gesauteerde aartappels met pietersieliebotter.
- ☐ Gekruide aartappelwiggies.
- ☐ Tuisgebakte rolletjies.





### Slaaie

- ☐ Griekse slaai.
- ☐ Aartappelslaai.
- ☐ Soet-en-suur noedelslaai.
- ☐ Pastaslaai met gemengde soetrissies.
- ☐ Drieboneslaai.
- ☐ Groenboneslaai.
- ☐ Koperpennieslaai.
- ☐ Wortel- en pynappelslaai.
- ☐ Beetslaai.
- ☐ Koolslaai.
- ☐ Tamatie- en uieslaai.
- ☐ Kerrieperskeslaai.
- ☐ Piesangslaai.

## NAGEREG

### Warm (gebakte) nageregte

- ☐ Malvapoeding.
- ☐ Sjokoladepoeding.
- ☐ Lemoenpoeding.
- ☐ Appelpoeding.
- ☐ Kokosneutpoeding.
- ☐ Gemmerpoeding.
- ☐ Kaneelpoeding.
- ☐ Sagopoeding.
- ☐ Brandewynpoeding.
- ☐ Dadelpoeding.
- ☐ Souskluitjies.

### Koue nageregte

- ☐ Sjokolademousse
- ☐ Jogurttert.
- ☐ Karamel-vlatert.
- ☐ Pynappel-yskastert.
- ☐ Aarbei-yskastert.
- ☐ Suurlemoen-yskastert.
- ☐ Kaaskoek (aarbei of suurlemoen of granadilla of gemengde bessies).
- ☐ Jellie en vla.
- ☐ Roomys met sjokoladesous.
- ☐ Seisoenale vars vrugteslaai.
- ☐ Kaas en beskuitjies (ekstra per persoon).
- ☐ Tertjie-bord (ekstra per persoon).
  (kies drie: koeksisters, ystervarkies, truffels, roomhoringtjies, melktertjies, cremora-tertjies, peppermint crisp-tertjies, suurlemoen meringue-tertjies).

*Die spyskaart kan volgens jou behoeftes aangepas word.*



# Stel 'n heildronk in

**ATKV-Klein-Kariba is ten volle gelisensieërd en sal alle drankies verskaf. Klink 'n glasie op die begin van jul getroude lewe met die volgende opsies:**

## Vonkelwyn

- J.C. Le Roux Le Domaine.
- J.C. Le Roux La Chanson.
- J.C. Le Roux La Fleurette.
- J.C. Le Roux Nie-alkoholies.

## Vars vrugtesap

**Kies uit die volgende opsies**

- Lemoensap.
- Tropiese-pons.
- Koejawelsap.
- Veselperskesap.
- Litchiesap
- Druiwesap (rooi).
- Appelsap.

## Wynlys

Beskikbaar op aanvraag.

## Verwelkomingsdrankies

**Ons sal met plesier die volgende verskaf:**

- Sjerrie of vrugtesap
- Skemerkelkies (prys op aanvraag).







## DIE VOLGENDE IS NIE IN JOU PAKKET INGESLUIT NIE:

- Gaste-akkommodasie.
- Troukoek.
- Fotograaf.
- Videograaf.
- DJ/orkes.
- Ekstra dekor-elemente soos feëtjieliggies, drapering en kerse.
- Haarstiliste.
- Skoonheidsbehandelings soos manikure of grimering.
- Dominee of pastoor om diens te behartig.
- Spesiale trouvoertuie.
- Ander etes tydens die naweek.

## EKSTRA REËLINGS

### *Musiek*

- Trougroepe moet hul eie klanktoerusting, DJ, CDs en elektroniese toestelle voorsien.
- Met die ander gaste op die oord in gedagte, sal die musiek teen 23:00 sagter gesit, en om middernag afgesit word.

### *Hare en grimering*

- Met bevestiging van jou bespreking, sal ons personeel met graagte 'n professionele haarstilis en grimeerkunstenaar vir die bruid voorstel.
- Reëlings, betaling en pryse moet direk met die haarstilis of grimeerkunstenaar beding word.

### *Kelners en kroegpersoneel*

- Kelners sal nie drankiebestellings neem nie. Drankiebestellings moet persoonlik by die kroeg geplaas word.
- Indien kroegkelners benodig word, sal 'n addisionele bedrag van R300 per kroegkelner gehef word. Hierdie sal 14 dae voor die troue bevestig word.

### *Skryfbehoeftes en gedrukte materiaal*

- Die bruidspaar moet alle skryfbehoeftes en gedrukte materiaal verskaf. Dit sluit tafelnommers, die sitplekaanwysings en kerkprogramme in.







# Skep die atmosfeer

**ATKV-Klein-Kariba het pragtige venues vir beide jou diens en onthaal.**

## VENUES VIR DIE DIENS

***Klipkapel***
Maksimum gaste: 140

***Waterval-lapa***
Maksimum gaste: 60
(tuinkoepel)

## VENUES VIR DIE ONTHAAL

***Troulokaal***
Maksimum gaste: 70
(met klein dansvloer)

***Restaurant***
Minimum gaste: 70
(met dansvloer)

***Gholf-lapa***
Maksimum gaste: 60
(met klein dansvloer)

***Kariba-saal***
Maksimum gaste: 200 - 300
(met klein dansvloer)



# Maak jou troudrome 'n realiteit

**Om te verseker dat jou dag 'n sukses is, benodig ons die volgende inligting twee weke voor jou troudag:**

1. **BEGINTYD VAN DIE TROUSEREMONIE**
   Hierdie inligting is baie belangrik sodat ons kan verseker dat jou dag seepglad verloop.
2. **TOTALE AANTAL GASTE**
   Insluitend volwassenes, kinders, diensverskaffers soos die DJ, fotograaf en dominee, sowel as die bruidspaar self.
3. **FINALE SPYSKAARTKEUSES**
4. **FINALE DRANKIEREëLINGS**
   - Verwelkomingsdrankies, soort en hoeveelheid vonkelwyn, asook tipe en aantal bottels wyn.
   - Kontantkroeg, oopkroeg of beperkte kroeg, (betaalbaar deur die paartjie of verantwoordelike persoon).
5. **SITPLEKPLASINGS EN VLOERPLAN**
   (Aantal tafels en aantal stoele per tafel)
   - Hooftafel = ses persone, tafel 1 = 10 persone, tafel 2 = 10 persone, ens.
   - Diensverskafferstafel (DJ, dominee, ens.)
   - Koektafel en geskenktafel
   - Tafel vir verwelkomingsdrankies.
   - Kostafels, koffietafels.
   - Blommerangskikkings, dekor.

   Let asseblief: Linne vir die tafels wat NIE in die standaardopsie se prys ingesluit is nie, sal addisionele kostes tot gevolg hê, en sal die troupaartjie se verantwoordelikheid wees.
6. **FINALE BETALING EN KANSELLASIEVOORWAARDES**
   - Alle besprekings moet skriftelik deur albei partye, hetsy deur faks of e-pos bevestig word.
   - Voorwaardelike besprekings sal vir 'n tydperk van twee weke gehou word, waarna 'n kontrak geteken moet word.
   - 'n Deposito van 50% is binne 30 dae na die kontrakbetekening betaalbaar.
   - Dui asseblief jou naam en troudatum op die depositostrokie aan en e-pos na **amories@atkv.org.za**.

- Jou rekening sal 'n verwysingsnommer kry wat met bevestiging van betaling van jou deposito uitgereik sal word. Gebruik asseblief hierdie nommer vir enige verdere betalings en korrespondensie met betrekking tot die geleentheid.
- Die drankierekening moet op die dag van die onthaal vereffen word.
- Die finale betaling van alle uitstaande bedrae moet twee weke voor die onthaal betaal word.



## *Let asseblief op ons kansellasievoorwaardes*

In pas met die algemene gebruik in die toerismebedryf is ons kansellasievoorwaardes as volg: Sou die hele bespreking gekanselleer word, of die aantal gaste/eenhede verminder ná die aanvaklike bespreking, mag die volgende kansellasiefooie geld.

Hierdie voorwaardes geld ook indien 'n groep 'n bespreking 'n week voor hul beplande aankoms maak, in welke geval dit binne die kansellasieperiode van 14 dae sal val.



Kansellasies en verskuiwings ontvang langer as 31 dae voor aankoms verbeur 25% van die betaalde deposito, tussen 16 3n 30 dae verbeur 50% en korter as 15 dae voor aankoms verbeur 100%. Indien u nie opdaag nie is u steeds aanspreeklik vir die totale verblyf koste. Alle besprekings wat reeds bevestig is met betaling moet skriftelik gekanselleer word.

Pryse mag ter enige tyd verander sonder vooraf kennisgewing.



## *Ons bankbesonderhede*

ATKV-Klein-Kariba
ABSA Warmbad
Takkode: 632005
Rekeningnommer: 1330 140 115

Ons sien uit daarna om jou troue 'n sprokiesgeleentheid te maak! Kom kuier gerus enige tyd tydens kantoorure (Maandae tot Donderdae), kontak ons by **014 736 9840** of e-pos **amories@atkv.org.za**, indien jy enige verdere inligting benodig.

# INLIGTINGSVORM VIR JOU KWOTASIE

Voltooi hierdie vorm asseblief so gou as moontlik sodat ons jou kwotasie kan uitwerk en begin beplan aan jou spesiale dag. Stuur asseblief die inligting aan **amories@atkv.org.za.**

| | Bruid | Bruidegom |
|---|---|---|
| Naam: | | |
| Van: | | |
| ID-nommer: | | |
| Selfoonnommer: | | |
| Telefoonnommer: | | |
| Faksnommer: | | |
| E-posadres: | | |
| Posadres: | | |
| Straatadres: | | |

Troudatum: ______________________ Begintyd van diens: ______________________

Verwelkomingsdrankies bedieningstyd: ____________ Voorgereg bedieningstyd: ____________

Hoofgereg bedieningstyd: ____________ Nagereg bedieningstyd: ____________

Aantal gaste: ______________________ Aantal kinders onder 12: ____________

Venue vir diens: (kies een) ☐ Klipkapel ☐ Waterval-lapa

Venue vir onthaal: (kies een) ☐ Troulokaal ☐ Restaurant ☐ Gholf-lapa ☐ Kariba-saal

Waar het jy van ATKV-Klein-Kariba gehoor? ______________________

## *Linne*

Sluit die volgende in:

- 1 tafeldoek per tafel. (dumask/gewoon)
- 1 loper/oortreksel per tafel.
- Strik – elke tweede stoel.
- Lapservette. (mits daar 10 persone per ronde tafel sit).

## *Blomme*

Sluit in:

- Bruidsruiker.
- Ruiker vir bruidstafel.
- Tafelruikers vir onthaal (mits daar 10 persone per ronde tafel sit).

## *Spyskaart*

| Silver | | Goud | | Platinum | |
|---|---|---|---|---|---|

Voorgereg: ______________________

Hoofgereg (vleis): ____________ Stysels: ____________

Hoofgereg (groente): ____________ Slaaie: ____________

Nageregte: ______________________

## *Kroegreëlings*

Verwelkomingsdrankies: ______________________

Vonkelwyn/wyn/bekers sap per tafel: ______________________

Kontantkroeg, oop kroeg of beperkte kroeg: ______________________



Klein-Kariba: 014 736 9800 | www.klein-kariba.co.za | www.atkvoorde.co.za

KLEIN-KARIBA